nieuwe inkomeling.'' 3. Geen persoon kan selfrespek hê as hy sy taal weggooi nie.

Dit sal wel die moeite loon om die een en ander oor die lesing van ds. Postma hier neer te skryf. „Dis my 'n groter eer om die vaandel voor my moedertaal te dra,'' het hy begin. „Ek hoop dat vele die vaandel sal omring en met vaste geledere sal stry om die dierbaarste pand van ons nasionale lewe te behou en te handhaaf teen vooroordeel, onkunde en laster.''

Hulle wil die A.T.G. in die lewe roep om 'n nasionale ontwaking onder ons volk te bring. Hulle sal geen vyandskap teen Hollands verklaar nie, nog minder die dwaasheid begaan om Engels uit te sluit. Hulle wil bewys dat Afrikaans 'n fatsoenlike taal is, en geen kombuistaal nie. „Ons wil protesteer teen die ongegronde, moedswillige veragting en miskenning van onse taal. Ons wil onse taal verhef tot skryftaal. Ons wil werk, stry en ly as dit nodig word.''

Hulle wil dit gebruik deur suiwer Afrikaans te gebruik, deur die taal so na as moontlik aan Hollands te hou wat die spelling betref; deur onderwys in Hollands met krag voor te staan en te bevorder; deur geskrifte oor en in Afrikaanse verenigings te stig en kongresse te hou. „Dit alles bedaard en organies; niks geweldigs of meganies nie.''

Waarom wil hulle stry vir Afrikaans? Omdat

dié taal wortel in die siel van die nasie, gebore is uit die volksgees, en daarom 'n beeld is van die volk wat dit gebruik. Taal en volksgees, nasionaliteit, is onverbiddelik aan mekaar verbonde soos 'n Siamese tweeling.

Dan bewys ds. Postma waarom nòg Hollands nòg Engels die taal van Suid-Afrika kan wees. Afrikaans is die enigste taal wat langs Engels *leef;* die taal het vasgetrap teen stelselmatige onderdrukking van Engels, miskenning en verdringing van Hollands; en Afrikaans is maklik om aan te leer en suiwer.

Gaan ons Afrikaans die ereplaas gee in ons daaglikse lewe? Gaan ons verraad pleeg, of gaan ons neutraal bly? „Leve die Afrikaanse taal! Leve Bloemfontein! Leve die Vrystaat vir die Afrikanerdom!''

Mnr. C. van Schalkwyk van Philippolis-weg was baie verontwaardig oor hierdie vergadering (*V.d.V.*, 18 Des. 1906). „„Het doet mij zo zeer te zien dat ons volk, of liever de voorstanders in de tegenwoordige taalrevolutie zo iets wensen en willen bekrachtigen.'' Ons taal is Nederlands en nie Afrikaans nie, en dit bewys hy uit die geskiedenis, maar heeltemal foutief. „Het tegenwoordig Afrikaans is slechts een verbasterde en verlaagde taal zoals zij moesten spreken om de inboorlingen van dit land te doen verstaan.'' Ds. Postma het in sy toespraak gesê dat hy Hollands nie wil weggooi

nie, „welke mij zeer belachlik voorkomt . . . Dan weer sprak hij van *spiets* welke *aanspraak* beteken en van Engels *speech* af komt. Is dit dan onze taal, een gemeng van andere talen en die dan ook niet een behoorlike *derivatie* of afkomst heeft?''

Die redakteur het dié vrae nie beantwoord nie, ook ds. Postma het geswyg. Maar op Woensdagaand, 10 April 1907, het die A.T.G. weer 'n vergadering gehou, onder voorsitterskap van genl. Hertzog, om die rapport te ontvang van die kommissie wat op 30 November 1906 benoem is om die reglement op te stel vir 'n Afrikaanse taalvereniging. Die opkoms was nie groot nie: „het publiek van Bloemfontein heeft de laaste tijd zoveel vergaderingen gehad dat het moeg geworden is.'' Tog was die geesdrif onder die aanwesiges groot.

Die konsep-reglement is in die volgende vorm aangeneem:

Art. 1. Die naam van die Vereniging is die Afrikaanse Taalgenootschap.

Art. 2. Die doel van die genootschap is om daarvoor te ijver dat zuiver Afrikaans meer algemeen als spreek en schrijftaal gebruik word.

Art. 3. Die Genootschap zoek zij doel te bereik deur:

(a) Bevordering van Hollands (vereenvoudigde spelling) op die schole.

(b) Vergaderings te hou, ter beoefening van die Afrikaanse Taal.

(c) Afrikaanse konserte, lesings, voordragte, ens., te organiseer.

(d) Alle vrinde van Afrikaans aan te moedig om die taal zo zuiver te praat en te schrijwe als hulle kan, en vooral om die gebruik van vreemde woorde en idiome te vermij, waar bekende Afrikaanse kan dien;

(e) Hollandse en Afrikaanse leesstof te versprei;

(f) prijze uit te loof voor verdienstelike Afrikaanse geschrifte;

(g) saam te werk met ander lichame van gelijke doel.

Art. 4. Lid kan wees elkeen wat instem met die doel van die Genootschap.

Art. 5. Lede betaal 'n subskripsie van 2/6 per jaar.

Art. 6. Begunstigers, wat die Genootschap steun met 'n gift in eens van minstens £5.5.0 of 'n jaarlikse subskripsie van 10/6 zal die naam draag van Donateurs.

Art. 7. Die Bestuur van die Genootschap bestaat uit minstens 7 lede; hulle verdeel die funkties onder mekaar.

Hierop is 'n bestuur gekies wat bestaan het uit genl. J. B. M. Hertzog, ds. W. Postma, D. F. du Toit (Oom Lokomotief), J. S. M.

Rabie, H. J. van der Spuy, A. Francken, H. J. Poutsma, W. G. Wessels en H. H. van Rooyen. Met algemene stemme is besluit om aan dr. J. Brill die ere-voorsitterskap aan te bied.

Nou het prof. A. Francken sy voorlesing gehou oor die Afrikaanse taal, wat net 'n interessante opsomming is van die hoofargumente van prof. D. C. Hesseling en dr. P. J. du Toit. „Dis mij vaste o'ertuiging,'' het hy begin, „dat 'n voorlezing oo'r Afrikaans in Afrikaans behoor te wees, al was dit maar alleen om te wijs, dat die landstaal rijk genoeg is om — zonder gekakkel en gezoek na woorde — enig onderwerp daarin te behandel.'' Hy het ook die storie geglo dat Afrikaans 'n armoedige taal is, maar na baie studie het hy tot ander gesigspunte gekom. En dan behandel hy die geskiedenis van Afrikaans.*

'n Sekere Andreas het so begeesterd geraak dat hy *Een Wekstem aan die Hollands-Afrikaanse Taalgenootschap* gedig het:

*„Die manne van die Taalgenootschap,*
*Vol ernst en ijver allemaal,*
*Blaas die bazuin en breng die boodschap*:
*Ons is 'n Volk, ons het 'n Taal.''*

Hierdie taal is so ryk en edel soos die beste taal ter wêreld, en waarom sal ons dan by vreemdes gaan bedel?

---

***Volledig gerapporteer in die *V.d.V.*, 16 en 19 Maart 1907.**

*„Kom Afrikaners, kom word wakker:*
*Kom saam, die zon is opgegaan;*
*Werk met ons op die taal zijn akker*
*En oes met ons die rijke graan . . .*

*„Hou daarom steeds die taalstrijd heilig,*
*Bewaar die taalschat met beleid,*
*Dan blij ons erfenis vrij en veilig!*
*God seen jul vir jul goede strijd!''**

Onder hierdie „wekstem'' het die A.T.G. aan die slaap geraak en het nooit weer ontwaak nie. Maar 'n jaar later is daar 'n fris seun gebore met die naam *Onze Taal.* Hy was spoedig mondig en het gelewe tot 1933 terwyl sy ouer tydgenote toe reeds lankal weggeval het.

### (c) ONZE TAAL

Hierdie vereniging is gestig op Saterdag, 29 Augustus 1908 in die Gedenksaal op Bloemfontein, en dit op inisiatief van dr. G. Knothe. Hy het opgetree as voorsitter en het die doel waarvoor die vergadering belê is, as volg verklaar: „Om een vereniging te stichten die de Hollands sprekende Bloemfonteiners nauwer aan elkaar zal verbinden en een krachtig middel zal moeten worden tot bevordering en uitbreiding van de Hollandse Taal.''

'n Komitee van drie lede is gekies, bestaande uit dr. Knothe, adv. D. G. Conradie en mnr. H. H. van Rooyen, om 'n konstitusie op te stel

---

**V.d.V.* 14 Mei 1907.

en 'n naam te vind vir die vereniging. Op 'n vergadering van 5 September word uit 'n groot aantal name en motto's die volgende aangeneem:

Naam: „Onze Taal."

Motto: Ende Desespereert niet.

Aangaande art. III: 1. word ná lange bespreking die voorstel van ds. W. Postma aangeneem, nl. dat die vereniging sal bestaan uit

(a) werkende lede,

(b) begunstigende lede, en

(c) erelede.

Verder sal die vereniging die onderafdelings sang, musiek en toneel omvat, en die voorsitters daarvan is *ex officio* lede van die hoofbestuur, wat uit minstens vyf lede bestaan. Tot voorsitter is nou gekies dr. Knothe, tot sekretaris adv. D. G. Conradie, en tot penningmeester mnr. W. G. Wessels. Op 'n later bestuursvergadering (22 Sept.) is prof. A. Francken gekies tot ondervoorsitter en mnr. R. A. Gregorowski as tweede sekretaris.

Op die algemene vergadering van 9 Oktober 1908 het dr. Knothe 'n lesing gehou oor die Hollandse taal as 'n volkstaal. Hy het die geskiedenis van die Hollandse taal in Suid-Afrika in vier tydperke verdeel: 1. 1652-1806; 2. die onderdrukkingsperiode vanaf 1806 tot 1882; 3. die herwinningsperiode vanaf 1882 tot 1901; 4, die periode van stryd vir gelyke regte

op taalgebied vanaf 1901 tot vandag (1908). Dit is nou 'n geestelike stryd, 'n stryd vir die behoud van ons taal, ons godsdiens en ons nasionaliteit. Die vyand rig veral sy pyle op ons taal deur die pers en van die verhoog. „Ja, zelfs van die kansel schroomt men niet woorden van oplaaiende bitterheid te uiten. Op onze publieke scholen werd het Hollands van lieverlede op de achtergrond geschoven; het kind werd er toe gebracht zijn moedertaal te verachten.'' Geen wonder dus dat so baie kinders liewers Engels praat en skryf nie.

Ons moet ons aangord vir die stryd, sê die dokter, en wei dan uit oor die voordele en die skoonhede van die Hollandse taal. 'n Volk wat sy taal verwaarloos, gaan self ten gronde. Ons saak is nog nie hopeloos nie, en geen regering kan 'n taal vernietig nie. „Wij moeten de taalstrijd winnen. Wij zullen die winnen, want onze zaak is recht, onze zaak is billik, zij rust op gezonde beginselen.''

Met die grootste versigtigheid spreek hy hom uit oor 'n saak wat die Afrikaners in twee kampe geja het: die beweging op tou gesit om Afrikaans tot skryftaal te verhef. Hy beweer dat Afrikaans nog nie aan die vereistes van 'n kultuurtaal voldoen nie, en daarom nie die offisiële sanksie as skryftaal kan verkry nie, maar hy glo vas dat dit in die toekoms die spreek- en skryftaal van die Hollandse Afri-

kaners sal word. Tog betreur hy dit dat daar verdeeldheid in die Afrikanerkamp gekom het, want dit sterk die hande van Engels. Die gevaar is ook daar dat die voorstanders van Afrikaans die taal wil ryp druk soos 'n groen perske.

Dr. Knothe noem verskillende middels om die stryd mee te voer en die oorwinning vir die Hollandse taal te behaal: spreek soveel en so goed Hollands as moontlik; moedig suiwer Afrikaans aan; gebruik Hollands vir u korrespondensie, en nie Engels nie; lees soveel moontlik Hollandse boeke en tydskrifte, en sing Hollandse liedere.

Die liefde vir die Hollandse taal word aangewakker deur verenigings soos die Z.A. Taalbond, die A.N.V., die Spreekuur, die A.C.V.V. en verskillende debatsverenigings. Maar die kragte is te veel verbrokkeld. Nou behoort daar 'n Raad in die lewe geroep te word, wat bestaan uit afgevaardigdes van al hierdie liggame om oor die belange van die Hollandse taal te waak, en net soos die „Academie Francaise" te Parys, pryse uit te loof en boeke deur 'n eie fonds uit te gee. Hier is dus die idee van die Akademie reeds in die kiem aanwesig.

Die spreker sluit met die lied van Onze Taal:

*„Kent gij dat taal zo schoon en zoet*
*En toch zo lang gekneld?*
*Die nu opnieuw zich gelden doet,*

*Wier recht weer wordt hersteld?*
*Komt vrienden, laat uw lied dan stijgen*
*En heft een lofzang aan!*
*Wilt gij ook nu nog langer zwijgen?*
*Ons Hollands blijft bestaan!*
*Want onze taal, onz' dierb're taal,*
*Ons schone taal, zij blijft bestaan!"*

Die aand is verder opgeluister met sangstukke, voordragte en 'n stuk deur die orkes. Totius het self enige van sy gedigte uit die bundel *By die Monument*, voorgedra.

Die volgende algemene vergadering van Onze Taal (10 Nov. 1908) was nie so goed bygewoon as die vorige keer nie, weens die ongunstige weer. Op hierdie vergadering hoor ons weer van die Afrikaanse Taalgenootskap, want ds. W. Postma deel mee dat die A.T.G. besluit het om onder die vleuels van Onze Taal sy werksaamhede voort te sit. Hierdie aankondiging is met luide toejuiging begroet. Op voorstel van ds. Postma sal die A.T.G. 'n onderdeel van O.T. uitmaak en wel onder die naam van die „Letterkundige onderafdeling." Hieruit sal die Akademie later gebore word.

Prof. A. Francken het hierop 'n lesing gegee oor Jan van Riebeeck, en dit was so interessant en het soveel byval gevind dat die professor gevra is om dit in druk te laat verskyn. Die koor het gesing: „Wijl Tafelberg zal staan . . ." en mnr. H. H. van Rooyen het 'n komiese

resitasie („De Pruimeboom'') voorgedra „waardoor hij de lachspieren goed in beweging wist te brengen.'' Die musiekafdeling het hulle so uitstekend van hulle taak gekwyt dat die verslaggewer van die *V.d.V.* uitroep: „Het blijkt dat O.T. goed vooruit gaat en veel levensvatbaarheid aan de dag legt.''

O.T. het twee afgevaardigdes gestuur na die A.T.V.-kongres in Kaapstad op 18 en 19 Desember 1908. 'n Baie aktuele voorlesing is gehou deur mnr. W. G. Wessels op die vergadering van 9 Februarie 1909 oor: „Afrikaans in die skole.'' Hy het beweer dat Afrikaans as medium behoort gebruik te word in die laere klasse in gevalle waar die kinders van Hollands-Afrikaanse ouers is. Dit het 'n drukke bespreking uitgelok.

Die Toneelafdeling het in Februarie *Magrita Prinsloo* van S. J. du Toit opgevoer en 'n wins van naby die veertig pond opgelewer. Hiermee kon O.T. die skuld op hulle klavier demp en nog 'n surplus in die kas oorhou.

Op die vergadering van 13 April 1909 was mnr. P. van Gent van Bethlehem ook teenwoordig. Hy het vertel dat daar verskillende liggame op Bethlehem werksaam is in belang van die Hollandse taal, soos die debatsvereniging en die vroueverenigings. Hulle wil graag saamwerk met ander verenigings wat dieselfde doel beoog, en is daarom van plan om by O.T.

aan te sluit. Hierdie mededeling is met toejuiging ontvang en die voorsitter het die hoop uitgespreek dat ander dorpe die voorbeeld van Bethlehem sal volg. Spoedig daarna is daar dan ook werklik 'n tak van O.T. op Bethlehem gestig.

„Die Neef als Oom,'' 'n toneelstukkie vertaal deur D. G. Conradie, is deur O.T. uitgegee en laat druk. Die duisend eksemplare is spoedig teen nege pennies stuk verkoop.

Dr. J. C. Pretorius het op die vergadering van 18 Mei 1909 'n wetenskaplike voorlesing in Afrikaans gehou oor lig. Hy het gebruik gemaak van verskillende toestelle om te toon hoe ligbeelde gevorm word, hoe die oog saamgestel is, terwyl hy ook 'n kort demonstrasie gegee het van die X-strale. Prof. Francken het daarop gewys dat dit die eerste keer is dat in Bloemfontein 'n voorlesing in Afrikaans gehou is oor 'n wetenskaplike onderwerp.

Onze Taal het sy invloed ook laat geld op die onderwysgebied, soos blyk uit 'n besluit van die bestuursvergadering op 28 Mei 1909: „Dat een kommissie bestaande uit de heren J. S. M. Rabie, M. J. D. Steyn en prof. A. Francken een brief richte aan de Minister van Onderwys uit naam van 't Bestuur en de Letterkundige Afdeling van ,Onze Taal,' teneinde onze overtuiging te kennen te geven over de rechtvaardigheid van de beginselen neer-

gelegd in de Onderwyswet van 1908 betreffende de Hollandse taal, en hem van de hartelike samenwerking van deze vereniging te verzekeren in verband met zijn pogingen om de Hollandse taal tot zijn recht te doen komen op 't gebied van 't onderwys.''

In Junie is „Fyne Beskuiten'' deur die toneelafdeling van O.T. opgevoer. Dit het 'n wins opgelewer van £12 17s. 1d., waarvan die helfte aan die plaaslike spin- en weefskool gegee is. Die opvoering het die redakteur van die *V.d.V.* so in ekstase gebring dat hy 'n hoofartikel vir sy koerant daaroor geskryf het. „Er vind een ontwaken van de Afrikaner plaats,'' skryf hy. „Wij hebben onze verenigingen en kongressen en onze taal en daarmede onze nationaliteit vooruit te helpen. Wij hebben onze schrijvers en dichters. Nu gaan wij ook onze eigen kunstenaars krijgen. Wat ons op deze gedachte brengt, is de uitvoering door de Toneelafdeling van *Onze Taal,* een paar avonden geleden in het theater alhier gegeven.''

Een van die grootste vergaderings van O.T. is gehou op 30 Junie 1909, net voor die stigting van die Akademie, want dit is ook deur die kongresgangers en besoekers bygewoon. Ds. J. D. Kestell het 'n lesing gehou oor: „Die Uitdrukkingsvermoge van die Afrikaanse Taal,'' en het sy stellings bewys met vertalings uit ander tale. Verskillende van die besoekers

het vrywillige resitasies opgesê, soos ,Jou Jas die Brand,'' deur mnr. G. C. Tomlinson.

Op die jaarvergadering van 2 September 1909 is die verskillende rapporte behandel en goedgekeur. 'n Nuwe bestuur is gekies, met mnr. M. du Toit as voorsitter, mnr. George Brebner as sekretaris en dr. G. Knothe as penningmeester. Dié bestuur het besluit om twee keer per jaar 'n gesellige aand te gee, en ook om 'n joernaal in die lewe te roep. Op 16 Desember het O.T. Dingaansdag gevier en is verskillende toesprake gehou oor Voortrekkerfigure.

'n Belangwekkende lesing is gehou deur dr. Brill op die vergadering van 18 Februarie 1910, getitel: „Geschiedenis van de Hollandse Taal in Zuid-Afrika.'' Hy begin met die stelling dat Afrikaans geen mengeltaal, maar 'n suiwer vorm van Nederlands is, en bewys dit deur 'n paar bladsye uit „Ons Klyntji'' voor te lees van 1900 (bl. 15), waarin hy slegs 'n paar woorde van Maleise oorsprong vind. Omdat Afrikaans minder buigingsvorme het as Nederlands, is dit daarom nog geen dialek van Nederlands nie, maar wetenskaplik gesien, 'n aparte taal, net soos Engels, wat ook nie oor 'n rykdom van uitgangsvorme beskik nie.

Daarop beantwoord hy die vraag hoe Afrikaans ontstaan het, en wel in so 'n kort spanne tyds. Hy skryf dit toe aan die invloed van

vreemde tale, maar ontsenu die teorie dat dit Hottentots sou wees. Ook die Franse teorie hou nie steek nie, net soos die Duitse teorie. Hy glo dat dr. D. C. Hesseling se teorie die juiste verklaring gee.

Ten slotte trek dr. Brill te velde teen die Anglo-Afrikaans. Hy het reeds dertig jaar gelede hierteen gewaarsku toe hy 'n lesing gehou het oor die *Landstaal,* maar die taalverbastering het steeds erger geword. Dit is vir hom die grootste gevaar wat die Afrikaanse taal bedreig, want „wanneer van de Hollandse spraak een ellendig mengelmoes gemaakt wordt van verminkte Engels en Afrikaans, dan wordt de heilige en zuivere moedertaal — hetzij Hoog-Hollands of Afrikaans — roekeloos opgeofferd aan slordigheid en gemakzucht. Laat ons dan een vast besluit nemen om of Hoog-Hollands of Afrikaans te spreken en te schrijven, het doet er ten slotte niet veel toe welke van de beide takken van dezelfde taal, maar laat ons die taal beschouwen en behandelen als een heilig pand dat ons is toevertrouwd om het onverbasterd over te leveren aan volgende geslachten. En doen wij dit, dan kan de oplossing der vraag Hollands of Afrikaans met gerustheid worden overgelaten aan de natuurlike ontwikkeling van het volk van Zuid-Afrika.''

Op die vergadering van 18 Maart 1910 wou

die voorsitter as onderwerp vir 'n debat hê: „Het Afrikaans of het Nederlands.'' Dr. Knothe het dit egter beveg, omdat dit 'n te tere saak is om dit in die openbaar te bespreek. Kort hierop het mnr. M. du Toit bedank as voorsitter en dr. Knothe is weer in sy plek gekies; ook die sekretaris het bedank en is opgevolg deur mnr. Van Schalkwyk.

Op die jaarvergadering van 9 September 1910 het dr. Knothe 'n jaarverslag voorgelees, waarin hy daarop wys dat die ledetal nou op honderd-en-sestien staan, terwyl hulle twee jaar gelede met twintig begin het. Onder sy lede tel die vereniging verskillende invloedryke manne, soos 'n minister, professore, predikante, advokate, prokureurs en onderwysers. O.T. is die vader van die Akademie, dit het verskillende toneelstukke opgevoer en ook „op de taal van de Bloemfonteiners heeft Onze Taal een heilzame invloed uitgeoefend. Onze jonge mensen spreken nu niet alleen met voorliefde Hollands, maar ook een mooier en zuiverder Hollands. Men hoort nu minder zulke wanluidende uitdrukkingen als: Ek gaan walk; hy het my geinsolt, ons second team het hulle gelick.'' Ook die Hollandse lied word deur die invloed van O.T. meer gewaardeer en met groter graagte gehoor en gesing as vroeër.

O.T. is 'n boom met verskillende takke, en almal het vrugte gedra. Die musiekafdeling

het goeie werk gedoen onder voorsitterskap van prof. Francken: „Door liefelik snaar en klavierspel worden onze vergaderingen opgeluisterd. Wat zouden onze vergaderingen zonder het orkest zijn?'' Opregte dank kom pastor Schneider toe, die leier van die mannekoor. Die Toneelafdeling het *Piet s'n Tante* opgevoer, en staan onder leiding van dr. D. F. Malherbe. Alleen één tak het verdroog: die Letterkundige Afdeling.

Daar is egter nog baie werk vir die toekoms. Die voorsitter versoek die lede om tog nie te twis oor die taalvorm nie, want „in onze vereniging hebben beide taalvormen Nederlands en Afrikaans het recht van bestaan. De dochter neemt de haar toekomende plaats naast haar statige moeder in.'' Ook wil hy 'n misverstand uit die weg ruim, want baie mense dink dat O.T. 'n politieke organisasie is, terwyl dit geensins die geval is nie. Ons wil maar net ons taal gebruik, ons taalregte handhaaf, en ons selfstandigheid behou.

Op die vergadering van 21 Oktober 1910 het dr. D. F. Malherbe 'n lesing gehou oor die „Wandelende Jood,'' en vroeg in Desember is die toneelstuk „Jan Masseur'' opgevoer. Volgens die verslaggewer van die *V.d.V.* van 6 Desember het dit ongelukkig nie geslaag nie en hy noem verskillende redes daarvoor. „Het stuk werd in het Afrikaans gespeeld en het

schijnt nu enemaal verwacht te worden dat al wat in het Afrikaans gegeven worden juist snaaks moet zijn. Dit is jammer. Het publiek wilde iets grappigs hebben en de spelers, sommige hunner altans, konden de verzoeking niet weerstaan om hun dat te geven.'' Die stuk was ook veels te lank, en dit het O.T. ontbreek aan die regte toneeldekorasie. „Komende tot het hoofdfiguur, merken we op dat Dr. Malherbe als Jan Masseur zich meer had kunnen geven aan zijn rol.''

Op die vergaderings is, soos gewoonlik, lesings gehou, en op 21 April 1911 is die gedigte van Jan Celliers deur verskillende persone behandel. Die versoek van die A.T.V. van Kaapland dat O.T. by hom moes aansluit, is op 'n bestuursvergadering van 16 Mei 1911 van die hand gewys, aangesien die doel en strewe van die A.T.V. aanmerklik verskil van dié van O.T. „Men gevoelde dat de vereeniging feitelijk haar zelfstandigheid verliezen zou.''

Die geboortedag van koningin Wilhelmina is op 31 Augustus 1911 saam met die A.N.V. gevier. O.T. het ook 'n begin gemaak met die oprigting van 'n studiefonds vir studente in die buiteland, en om die skoolkinders te bearbei, is 'n resitasiewedstryd gehou — die begin van die kunswedstryde. Waardevol was die lesing van ds. W. Postma oor die persoon

van Totius en die oorsprong van sy gedigte, op die vergadering van 18 Augustus 1911. By dieselfde geleentheid het dr. Malherbe Guido Gezelle as digter behandel.

Die jaarverslae is behandel op die vergadering van 9 September 1911. Dit blyk nou dat die toneelafdeling op 'n verlies gewerk het, en dat O.T. 'n batige saldo van slegs £1 7s. 4d. kon toon. Tot voorsitter is gekies adv. D. G. Conradie, en tot sekretaris mnr. H. S. M. Ham.

Omtrent die versameling van Sangliedere, stel ds. W. Postma op 'n bestuursvergadering (14 Sept. 1911) voor dat 'n kommissie benoem word om in oorleg met prof. P. K. de Villiers liedere te versamel wat geskik sal wees om gesing te word by enige vergadering van O.T. Daar kom ook klagte in by die bestuur dat, nieteenstaande art. 137 van die Unie-Grondwet, die regering nog steeds voortgaan om spoorwegboekies, reisbiljette, kwitansies, ens., slegs in Engels te laat druk. O.T. word versoek om die saak by die regering aanhangig te maak.

Veel byval het die lesing gevind van dr. Bodenstein oor die studie van Afrikaners in Holland en die toekoms van Hollands in Suid-Afrika, op 'n vergadering van 2 Augustus 1912. Die onderwys in Suid-Afrika is daarop bereken om die Afrikaners te laat glo dat daar maar net een groot volk is en slegs een weten-

skap wat iets beteken, en dit was natuurlik die Engelse. Maar as 'n Afrikaner in Holland kom, dan gaan sy oë oop. „Het Engelse stelsel van onderwijs was slecht en was er slechts op ingericht de leerlingen vol te pompen en niet om de leerlingen liefde tot de wetenschap en liefde voor de studie in te boezemen. Het Engelse sisteem was te ouderwets. Op het vasteland zou men ook niet zo het gevaar lopen hun nasionaliteits gevoel kwijt te raken.''

Hy was nie ten gunste daarvan dat die kind Hoog-Hollands op skool moes leer nie, want dit is net so vreemd aan sy siel as Engels. Nee, Afrikaans moet ingevoer word op skool.

Dr. Knothe word weer gekies tot voorsitter op die jaarvergadering van 6 September 1912, en nou word die notules vir die eerste keer in Afrikaans gehou. Die vraag of Onze Taal sal affilieer met die S.A. Akademie, het veel bespreking uitgelok, maar eindelik word die voorstel van dr. J. C. Pretorius aangeneem op 'n vergadering van 2 April 1913: „Dat wij vooreerst maar op 'n heel losse basis affilieren, d.w.z. we nemen van elkaar kennis door wederzijdse korrespondentie, toezending van jaarboeken of jaarrapporten, en verklaren ons ten gunste van samenwerking en onderlinge raadpleging, waar het zaken van algemeen belang geldt. De sekretaris van de affiliatie kommissie der Akademie geeft dan elk jaar een kort

verslag, behelzende het een en ander van biezonder belang, dat door de verschillende verenigingen in het afgelopen jaar werd gedaan.''

Die heer Holloway het op die vergadering van 22 Oktober 1913 'n lesing gehou wat baie byval gevind het. „Manuscript over de Grote Trek.'' Dié manuskrip is in 1883 te Amsterdam uitgegee en het blykbaar in die vergeetboek geraak. Selfs G. S. Preller het dié werkie nie geken toe hy sy boek oor Piet Retief geskryf het, want hy maak nie gebruik van die gegewens wat daarin voorkom nie. Die skrywer, A. C. C. van Duyl, beweer dat die Engelse in die Baai verraad gepleeg het by die moord op Piet Retief en sy manne, en voer gegronde bewyse aan vir sy stelling. Die heer Van Duyl gee ook 'n paar interessante jagverhale.

Dr. D. F. Malherbe het die vergadering van 26 November 1913 toegespreek oor die toepassing van ons taalregte, waarop 'n kommissie benoem is om stappe te doen om die taalregte te laat geld en in die praktyk toegepas te kry, veral met betrekking tot die telefoondiens en in die handelswêreld.

Heel gunstig is die verslag van die *V.d.V.* (18 Des. 1913) oor die opvoering van *Die Heldinne* en *Magrita Prinsloo* deur die toneelafdeling van O.T. „De vereniging O.T. heeft zich reeds menigmaal verdienstelik gemaakt

door het houden van lezingen, het opvoeren van toneelstukken, enz., maar dezer dagen heeft zij zich overtroffen.'' Die spel was uitstekend en die décor wonderlik. „Dr. G. Knothe maakte een prachtige Dingaan en dat toneel met zijn indunas en zendeling Owen (de heer R. N. Britz) maakte een zeer schilderachtige indruk.'' *Die Heldinne,* 'n drama uit die Engelse oorlog, het ingeslaan. „Het is waarlik geen wonder dat velen de tranen in de ogen kwamen en de keel toegesnoerd werd bij de herinnering aan al die doorgestane ellende die hier zo getrouw weergegeven werd.''

Die teater was volgepak die drie aande, want daar was baie mense in Bloemfontein vir die onthulling van die monument.

„Wat sal uiteindelik die taal wees van Suid-Afrika: Afrikaans of Engels?'' was die onderwerp van 'n debat op 'n vergadering van O.T. (25 Maart 1914). Dr. C. F. Visser, die inleier, was vir Afrikaans, en dr. J. C. Pretorius, die teenstander, was vir Engels. Vir Afrikaans pleit dat dit in dié land ontstaan het en daarom in staat is om die stryd vol te hou teen 'n magtige wêreldtaal, maar 'n taal wat ingevoer is. Tog loop Afrikaans 'n groot gevaar om verbaster te raak en te verwilder deur die indringing van anglisismes.

Onze Taal het die eer gehad om Jan Celliers as eregas te hê op die vergadering van 13 Junie

1914. Hy het 'n lesing gehou, en dr. D. F. Malherbe het 'n waarderende toespraak oor Celliers gehou. Hy is ondersteun deur ds. J. D. Kestell met 'n paar pittige opmerkings. As 'n blyk van die waardering van O.T. is 'n goue vulpen aan die digter oorhandig. Tydens die Akademie-sitting is *Liefde en Plig* van Celliers en *Die Heldinne* deur O.T. opgevoer.

Die jaar 1914 is afgesluit met 'n batige saldo van £166 16s. 5d., sodat O.T. tien pond kon gee aan die fonds vir behoeftige mense in Bloemfontein. Hulle het nou ook planne gemaak om 'n eie tydskrif uit te gee. Adv. D. G. Conradie is gekies as voorsitter, en mnr. W. F. Bezuidenhout as sekretaris.

Dr. D. F. Malherbe het 'n baie „leersame en boeiende voordrag'' gegee oor „Ons Taal en die Bybel'' op die vergadering van 21 Oktober 1914. Op versoek het hy dit gepubliseer en wel in die Jaarboek van die Akademie. Dieselfde aand is die notule voorgelees, wat enige prettige en interessante stukke bevat het.

Die notules is intussen nie gereeld in Afrikaans gehou nie en daarom het mnr. J. van Heerden voorgestel (19 Sept. 1914) dat dit in die toekoms wel sal gebeur.

Vanaf November 1914 tot Maart 1915 het O.T. geen vergaderings gehou nie vanweë die strenge krygswetregulasies, en op 21 Julie het die voorsitter, adv. Conradie, bedank weens sy

vertrek na Reitz. Mnr. H. H. van Rooyen het met veel lof oor die werk van die voorsitter gepraat en hy is benoem tot erelid. Dr. Malherbe sê daar is nog meer mense in die huidige volkskrisis, soos dr. Malan en prof. Kamp, wat hulle pos moes neerlê omdat hulle elders op ruimer gebied werksaam kan wees. Hy het respek vir sulke mense. Die vertrek van adv. Conradie staan direk in verband met die besondere omstandighede waarin die Hollandssprekende nasie hom bevind. Hy hoop dat adv. Conradie tot seën sal wees vir die nasionale gees van Suid-Afrika in sy nuwe omgewing.

Nadat die vergadering vir adv. Conradie die sewe boekdele oor die geskiedenis van die Nederlandse Letterkunde deur Kalff aangebied het, het hy bedank vir die geskenk en huldiging. Hy het sy pos in die onderwys-departement neergelê omdat hy graag mondig wil wees, want in die siviele diens is 'n mens dit nie.

Op die jaarvergadering van 25 Augustus 1915 kon die penningmeester weer 'n batige saldo toon van £163 8s. 7d. O.T. besluit dan ook om 'n Hollandse snelskrifklas te stig en stem twintig pond vir die doel. Aan die Koffiehuis word 'n groot boekery saam met 'n boekkas ten geskenke gegee. Intussen sal O.T. 'n eksemplaar van elke Nederlandse en Afrikaanse boek wat in S.A. verskyn, aankoop. 'n Kom-

missie word benoem om ondersoek in te stel vir die bou van 'n saal vir die vergaderings van O.T. en verwante verenigings in Bloemfontein. Aan die Akademie word 'n donasie van vyf pond gemaak. As voorsitter is nou gekies mnr. J. Z. van Schalkwyk. O.T. het vir verteenwoordiging op die Akademie gevra, maar dit is geweier. Aan „Die Koffiehuis'' het O.T. 'n donasie gedoen van vyftig pond.

Gedurende die verenigingsjaar is die gewone vergaderings en lesings gehou, o.a. deur prof. Kamp oor die verhouding tussen huis en skool. O.T. het die handels- en korrespondensieklasse 'n werklikheid gemaak. Mnr. P. U. Fischer en mnr. W. Bezuidenhout sou O.T. verteenwoordig op 'n vergadering van afgevaardigdes op 22 Maart 1916, om samewerking tussen die Vrystaatse verenigings te bevorder, maar dit blyk dat hierdie kongres later in die jaar eers gehou is, en toe is O.T. verteenwoordig deur mnr. J. Z. van Schalkwyk en prof. D. F. Malherbe. Op die vergadering van 9 Augustus 1916 het die voorsitter bekend gemaak dat die voorgenome Unie van Afrikanerverenigings tot stand gekom het en dat O.T. by dié Unie aangesluit het. Die naam van die Unie is: Die Algemene Afrikaanse Verbond. Op genoemde vergadering het mej. S. Faure van Pretoria 'n aantal gedigte van Celliers en Totius voorgedra, terwyl prof. Malherbe 'n kort lesing gegee het oor *Trekkerswee* van Totius. 'n Par-

lementsitting georganiseer deur mnr. J. H. B. de Villiers, het baie byval gevind by die lede. Op 27 Julie 1916 het dr. Knothe bedank as lid van O.T. weens sy vertrek uit die stad, en is hy verhef tot erelid.

Op die jaarvergadering (27 Sept. 1916) blyk dit dat daar nog £70 3s. 6d. in die kas is. Dr. C. F. Visser se voorstel, nl. dat 'n kommissie van vyf lede vir die bevordering van die toneel aangestel word en dat een-derde van die opbrengste van opvoeringe vir 'n toneelfonds sal afgestaan word, word aangeneem. Mnr. J. van Schalkwyk is weer as voorsitter herkies.

By die dood van pres. Steyn het O.T. 'n brief van deelneming aan mev. Steyn gestuur en 'n krans van ongeveer vyf pond. Op voorstel van mnr. J. W. Diemont sal die S.A. Akademie gevra word om te sorg vir 'n getroue lewensbeskrywing van die President (21 Maart 1917). Op Uniedag het die lede 'n piekniek gehou, terwyl een van die beste lesings van die jaar gegee is deur Pierneef oor Suid-Afrikaanse skilderkuns.

Mnr. A. Werth word tot voorsitter gekies op die jaarvergadering van 17 Oktober 1917 en dr. Holloway as sekretaris. By dié geleentheid word besluit om honderd pond aan Die Helpmekaar te stuur. Gedurende die volgende jaar is o.a. die volgende lesings gehou: „Die lewe en betekenis van pres. Steyn,'' deur ds. J. D.

Kestell (28 Nov. 1917); „Die Frans-Hollandse boustyl en lewenswyse aan die Kaap 'n honderd jaar gelede,'' deur mnr. J. H. Malan (26 Febr. 1918); „Die Karakter van A. H. Potgieter'' deur mnr. H. H. van Rooyen (25 Maart 1918); „Trappe in die Ekonomiese Ontwikkeling van 'n Volk'' deur dr. J. F. W. Grosskopf (24 April 1918). Daar is afskeid geneem van ds. Kestell en Dingaansdag is gevier, maar verder het niks besonders gebeur nie. Die volle aantal vergaderings is ook nie gehou nie, en die opkoms was swakker as voorheen. Dit wil byna voorkom of O.T. begin kwyn. Op die jaarvergadering (22 Oktober 1919) het die waarnemende voorsitter, mnr. R. J. van Reenen, self erken dat daar feitlik nie meer 'n bestuur was nie.

Die nuwe voorsitter, dr. C. F. Visser, en die sekretaris, dr. W. Arndt, het egter weer vuur gemaak. Hulle eerste groot vergadering is gehou as 'n President Steyn-gedenkaand. Prof. P. K. de Villiers se koor het 'n lied gesing deur homself gekomponeer, terwyl mnr. J. S. M. Rabie sy herinneringe uit die lewe van wyle pres. Steyn meegedeel het. Hierdie herinneringe is besonder waardevol om ons 'n insig te gee in die strewe van die President. „Hy was *een* met sy volk, die beliggaming van sy volk,'' het mnr. Rabie besluit.

Om die sang onder die Afrikaners te bevorder, stig O.T. 'n nuwe koor, en om die uitspraak

van Afrikaans reg te laat geskied, neem die bestuur die vorming van 'n elokusieklas in hulle hande. Die kunsreis van Modest Lauwerys is vir die Vrystaatse hoofstad deur die vereniging gereël.

Besonder interessant was die lesing van dr. D. F. Malherbe oor *Plaasname* op 'n vergadering van 29 Maart 1920. Die onderwerp is baie uitgestrek, het spreker gesê, maar verdien die belangstelling van die breë massa van die volk en moet dus in die regte lig beskou word. „Dit is die taak en plig van ieder Afrikaner,'' het spreker gesê, „om die ou oorgeërfde name, gevoelserfstukke, rein te bewaar, verminking te herstel en terug te gaan na die oorspronklike benaming.''

Mnr. C. F. Schmidt, die Vrystaatse direkteur van Onderwys, het 'n lesing gehou oor *Karakterontwikkeling,* wat drukke bespreking uitgelok het by die lede (28 Julie 1920). Die jaarvergadering is gehou op die geboortedag van koningin Wilhelmina (31 Augustus) en dr. Visser het namens die Dietse stamgenote in ons land die hoop uitgespreek dat H.M. nog lange jare mag gespaar bly vir haar volk. Suid-Afrika het veel te danke aan Holland, wat altyd 'n warme gevoel gekoester het teenoor ons land en 'n lewendige belangstelling in die vooruitgang daarvan neem; alles kan alleen die goeie uitwerking hê om die reeds bestaande band